Seks in die Suburbs

'n kortkomedie vol drama

deur Francois Toerien © (toerienf@gmail.com)

- *Seks in die Suburbs* is geskep in opdrag van die Aardklop Kunstefees en het in 2009 onder regie van Francois Toerien daar gedebuteer met Susanne Beyers en Eben Genis in die rolverdeling.
- In 2012 het 'n Engelse vertaling deur Lynita Crofford onder regie van Tara-Lousie Notcutt en met Crofford en Gideon Lombard in die rolverdeling by die Grahamstad Kunstefees gespeel.
- Met die titel *Die Kwilter en die Kelner* is die hoorspel-weergawe in 2013 onder regie van Kobus Burger op RSG uitgesaai met spelers Rolanda Marais en Luan Jacobs.
- In 2015 is die oorspronklike verhoogweergawe verwerk in 'n kortfilm vir KykNET&Kie se *Ons Stories*-reeks onder die titel *Soekers in die Suburbs.*

ROLVERDELING:

Magdel (49) – 'n Geskeide, enkellopende, vryskut-joernalis. Aantreklik, intelligent met 'n ietwat donker sin vir humor. Sy woon in Durbanville, maar voel vasgevang in dié voorstedelikheid.

Magiel (30) – Intelligent, aantreklik en gemaklik met wie en wat hy is. 'n Goeie ou sonder bagasie. Hy het 'n BA-Graad (met Filosofie) maar kry nie werk nie so hy hou sy lyf kelner. Hy knoop maklik los verhoudings aan (veral met ouer vroue) en steur hom nie veel aan reëls en regulasies nie.

RUIMTE:

Magdel se slaapkamer. Aand.

Behalwe vir die lig wat deur die venster val is die kamer donker. MAGDEL en MAGIEL is af.

MAGDEL: Wag, ek gaan die wyn laat val!

MAGIEL: Los die wyn.

MAGDEL: Kry vir ons glase.

MAGIEL: Waar?

MAGDEL: Langs die opwasbak.

MAGIEL kry die glase.

MAGIEL: Waarop drink ons? One night stands?

MAGDEL: O, dit klink sondig.

MAGIEL: *(luid)* Op one night stands.

MAGDEL: Nie so hard nie, die bure.

MAGIEL: Laat hy val waar hy wil.

MAGDEL: Nou toe.

MAGIEL: Mmmh…het jou!

MAGDEL: *(sy gee 'n gilletjie en lag)* Die slaapkamer is anderkant toe!

MAGIEL: Ja?

MAGDEL: Ek is nie myself nie.

MAGIEL: Wat's fout met die rusbank!?

MAGDEL: Staan op! *(hy gaan weer vir haar)*

MAGIEL: Mmmhhh…hah!

MAGDEL: Jy gaan my laat val! O, jinne, ek dink ek is bietjie dronk!

MAGIEL: Ek hou daarvan.

MAGDEL: Bring jou glas!

MAGDEL en MAGIEL verskyn in die slaapkamer.

MAGIEL: Waar's die lig?

MAGDEL: Nee, los af. Sommige goed hoort in die donker.

MAGIEL: Mhh, dronk en in die donker. Lekker!

MAGIEL wil onder die beddegoed induik, maar MAGDEL vehoed hom.

MAGDEL: Jy is nie die een of ander reeksmoordenaar nie, nê?

MAGIEL: Nee. Is jy?

MAGDEL: My lewe is nie so opwindend nie.

MAGIEL: Kry jy nou koue voete?

MAGDEL: Nee.

MAGIEL: Nou hoekom maak jy dit dan so moeilik vir my? (*wurm homself onder die beddegoed in)*

MAGDEL: *(laggend)* Probeer om nie my rok te skeur nie. Dis 'n designer nommertjie! *(ons hoor 'n skeur)* Ag, nou's dit strapless.

Hulle vry.

MAGDEL: *(vir haarself)* Net toe ek wou handdoek ingooi.

MAGIEL: Huh?

MAGDEL: Ek het gedink ek gaan nooit weer 'n man in my kamer ontvang nie.

MAGIEL: Wanneer laas?

MAGDEL: Dis lekker, moenie ophou nie!

MAGIEL: Nee, sê my.

MAGDEL: Ek kan nie onthou nie.

MAGIEL: Shit, so lank terug.

MAGDEL: Ek dink darem jy was toe al gebore.

MAGIEL: *(speels)* En was hy ook jonk genoeg om jou seun te wees?

MAGDEL: Moenie die passie blus nie – ek is nie dronk genoeg om lank te hou nie!

MAGIEL: So as jy nugter was sou jy nie vir my gegaan het nie?

MAGDEL: Ag, asseblief. Dit het niks met jou te doen nie – dit gaan oor my. Kom na mamma toe!

MAGIEL: Nee, dit klink nie reg nie.

MAGDEL: Ek is jammer.

MAGIEL: Jy hoef nie jammer te sê nie.

MAGDEL: Ek is eintlik baie voorbeeldig. En vervelig.

MAGIEL: Ja, jy vang nooit sulke goed aan nie.

MAGDEL: Nooit nie. *(giggel)* Die vriendinne saam met my aan die tafel vanaand – ons is almal lede van die Suikerrand-kwiltersgilde.

MAGIEL: Kwiltersgilde?

MAGDEL: Ja, ek doen laslappie-werk.

MAGIEL: Soos in lappieskomberse?

MAGDEL: Dis baie terapeuties.

MAGIEL: (LAG) Ek kyk skielik met ander oë na jou.

MAGDEL: Ek moes jou nie vertel het nie. (POUSE) Kom, soen my in my nek.

MAGIEL: As jy dan nou so mooi vra… *(soen haar in die nek)*

MAGDEL: Ek is een stuk hoendervleis!

MAGIEL: *(soos 'n hoender)* Pik-pik-pik *(deur die soene)* Jy weet wat jy soek.

MAGDEL: Lank in die tand, meneertjie. O, jaaa!

MAGIEL: Jy bly alleen, nê?

MAGDEL: Mhh.

MAGIEL: Ek sou nie deur jou man betrap wou word nie.

MAGDEL: Kom, maak los jou belt.

MAGIEL: En wat as ek nie wil nie?

MAGDEL: Dan doen ek dit vir jou!

‘n Mini-jaagtog volg.

MAGIEL: Ek gee oor. Doen met my net wat jy wil.

MAGDEL: Is dit ‘n uitdaging?

MAGIEL: Okay!

MAGDEL: Kom, lê terug. Sjoe, ma’ jy is omtrent ingegord…

Daar is 'n geluid elders in die huis.

MAGIEL: Wat was dit?

MAGDEL: Wat was wat?

MAGIEL: Die geluid.

MAGDEL: Ek het niks gehoor nie…

MAGIEL skakel die bedlampie aan.

MAGDEL: Nee, man.

MAGIEL gaan luister by die deur. MAGDEL steek haar kop onder die laken uit.

MAGDEL: Was ons by ‘n kostuumpartytjie? *(gemaak verbaas)* O, ek het ‘n kelner opgetel.

MAGIEL: Het jy *my* opgetel of ek vir *jou*?

MAGDEL: Ooo, jy is baie oulik. Kom hier.

MAGIEL: Wag eers, het jy diere?

MAGDEL: Huh?

MAGIEL: Ek wil net weet of ‘n troeteldier die geraas gemaak het?

MAGDEL: Ja, dit was seker net die kat.

MAGIEL maak die deur toe en klim weer in die bed. MAGDEL sit die bedlampie af.

MAGDEL: Sjoe, ma’ jy is werklik opgewonde. Jy kan nie ‘n dag ouer as 20 wees nie!

MAGIEL: Rook jy?

MAGDEL: Ek het al. Hoekom?

MAGIEL: Ek rol vir ons enetjie.

MAGDEL: Los die sigarette vir na die tyd.

MAGIEL: Ek praat van dagga.

MAGDEL: Nog nooit nie!

MAGIEL: Daar’s altyd ‘n eerste keer. *(en hy skakel weer die lig aan)*

MAGDEL: Nee!

MAGIEL: Kom, live a little.

MAGDEL: Is 'n vreemde man in my kamer nie genoeg “living” nie.

MAGIEL: Is jy bang?

MAGDEL: Dis onwettig.

MAGIEL: Ek sal nie vir die polisie sê nie.

MAGIEL skakel die bedlampie aan.

MAGDEL: Kan jy dit nie in die donker doen nie?

MAGIEL: Netnou mors ek.

Stilte

MAGIEL: Dink jy my mede-kwilters vermoed iets? Ek hoop nie hulle het gesien hoe jy in my kar klim nie?

MAGIEL: Wat as hulle het?

MAGDEL: Jong, daai twee is die buurt se sentrale. (POUSE) Ek sal môre daaroor worry.

MAGIEL: Of nie.

MAGDEL: *(oor die dagga)* My ouers draai nou in hulle grafte.

MAGIEL: Myne weet.

MAGDEL: En? Hulle is okay daarmee?

MAGIEL: Hulle rook self.

MAGDEL: O, die liberale ouers van vandag.

MAGIEL: Het jy kinders?

MAGDEL: *(mini-aarseling)* Nee.

MAGIEL: Persoonlike keuse?

MAGDEL: *(vinnig)* Ja. *(begin sy rug te vryf)* Ag, jy het nog ‘n baba velletjie.

MAGIEL: Versigtig.

MAGDEL: Sê nou ek is allergies daarvoor?

MAGIEL: *(laggend)* Asseblief.

MAGDEL: En dit tas my asemhaling aan… of bring 'n donker kant na vore?

MAGIEL: Bestaan daar iets soos 'n dagga-allergie?

MAGDEL: Met my karma sal ek tien-teen-een na een teug begin kwyl en omkap.

MAGIEL: *(diep)* Seks is lekkerder op dagga.

MAGDEL: Nie as daar kwyl by jou mond uit stroom nie!

MAGIEL steek die zol aan die brand.

MAGDEL: My kamer gaan ruik soos ‘n hippie-kommune. *(vat die zol by hom)* My GP se nommer is op die yskas. *(sy teug aan die zol)* Ek voel niks.

MAGIEL: Rustig. Baba-treetjies.

MAGDEL: *(sy teug weer en hoes)* Dis seker genoeg vir ‘n beginner.

Geluid elders in die huis.

MAGIEL: Jou kat is nogal raserig.

MAGDEL: My kat?

MAGIEL: Wat ons netnou ook gehoor het.

MAGDEL: My kat is verlede maand uitgesit.

MAGIEL: Watse geluide is dit dan?

MAGDEL: Seker ma’ net my man.

MAGIEL: Fok! *(probeer onder die bed inkom)*

MAGDEL: Pasop, jy gaan vassit.

MAGIEL: Hy gaan my donder.

MAGDEL: Ek het nie 'n man nie.

MAGIEL steek sy kop uit.

MAGDEL: *(wys na haar ringvinger)* Geskei, voor die oorlog al.

MAGIEL: *(Onder die bed uit)* Het jy 'n kat of 'n hond of 'n man of 'n kind…

MAGDEL: Dit was seker net die wind.

MAGIEL: Daai dagga is reguit na jou kop toe.

MAGDEL: Is ek nou gerook?

MAGIEL: Ek twyfel.

MAGDEL: Ek sien nog nie rooi kolletjies nie.

MAGIEL: Jy gaan ook nie.

MAGDEL: Jammer, as ek gespanne is dan maak ek simpel grappies. *(stilte)* Het ek nou die atmosfeer bederf? *(stilte)* Nog wyn?

MAGIEL skud sy kop.

MAGDEL: Kom sit hier langs my. Asseblief?

MAGIEL gaan sit langs haar.

MAGDEL: Haai, ek weet nie eens wat jou naam is nie.

MAGIEL: Anonieme seks.

MAGDEL: Dit klink *vreeslik* sondig!

MAGIEL: “Sondig”. Jy is lief vir daai woord.

MAGDEL: My geslag het deurgeloop onder Calvyn, onder andere. 'n Mens ontsnap nie sommer jou opvoeding nie.

MAGIEL: As ek vir jou sê wat my naam is? Is dit dan minder “sondig”?

MAGDEL: Ek weet nie. *(stilte)* So gaan jy vir my sê?

MAGIEL: Magiel.

MAGDEL lag

MAGIEL: Wat’s nou so snaaks?

MAGDEL: Nee, ek het net Johan of André of Pieter…so 'n tipe naam verwag.

MAGIEL: En wat is joune?

MAGDEL: Nee.

MAGIEL: Hoekom nie?

MAGDEL: My naam pas glad nie by my nie.

MAGIEL: Myne blykbaar ook nie.

MAGDEL: Ouers is boos.

Stilte

MAGDEL: Dit begin ook met ‘n “M”.

MAGIEL: O, ek moet *raai.* Melanie?

MAGDEL: Erger.

MAGIEL: Mathilda.

MAGDEL: Jy’s warm.

MAGIEL: Marta?

MAGDEL: *(sesuur)* Magdel.

MAGIEL lag

MAGDEL: Is dit só erg?

MAGIEL: Magiel en Magdel. *(verlustig hom in die klanke van die name)*

MAGDEL: Dit klink nogal koddig saam.

MAGIEL: Magiel en Magdel knyp die kat in die donker!

MAGDEL: Het jy ‘n girlfriend?

MAGIEL: Nee.

MAGDEL: ‘n Boyfriend?

MAGIEL: Nee!

MAGDEL: Deesdae is dit mos nie meer ‘n issue nie. Crossing over en so.

MAGIEL: Ek is single.

MAGDEL: Dan knyp ons nie die kat in die donker nie.

MAGIEL: Ek was nog nooit in ‘n verhouding nie.

MAGDEL: O, commitment issues.

MAGIEL: Nee, ek het nie issues nie. Ek het nog nooit vir Calvyn ontmoet nie.

MAGDEL: Spotter se huis brand af.

MAGIEL: Sommige mense sal my seker “los” noem.

MAGDEL: *(sinies)* Hulle noem vroue “los” – mans is net “bronstig”.

MAGIEL: *(lag)* Ek dink ek is nou bronstig.

MAGDEL: En ek voel effe “los”.

MAGIEL: Jy’s vir my nogal mooi.

MAGDEL: “Nogal”?

MAGIEL: Jy *is* vir my mooi.

MAGDEL: Regtig

MAGIEL knik instemmend.

MAGDEL: En dis nie die pappegaaislaai wat nou praat nie?

MAGIEL skud sy kop. MAGDEL soen hom.

MAGDEL: Sit gou weer die liggie af.

Hulle vry.

MAGDEL: Jy’s nie permanent ‘n kelner nie, nê?

MAGIEL: Nee, ek kry nie werk nie.

MAGDEL: BA-graad?

MAGIEL: Mhh. Wat doen jy?

MAGDEL: Joernalis, meestal reisartikels.

MAGIEL: Interessant.

MAGDEL: Seker…

MAGDEL: *(saggies)* Gaan jy altyd vir ouer vroue?

MAGIEL: Mhh.

MAGDEL: Ek gaan nie altyd vir jonger mans nie.

MAGIEL: En? Laaik jy dit sover?

MAGDEL: Verskriklik.

Geluid elders in die huis.

MAGDEL: Daai was nie die wind nie.

MAGIEL spring op en gaan sluit die kamerdeur. Hy skakel die hooflig aan.

MAGIEL: Jy't nie dalk nou onthou jy's eintlik getroud nie?

MAGDEL: 1989.

MAGIEL: Huh?

MAGDEL: Die jaar wat ek geskei is. (*pouse*) Dit was ook die jaar van die Groot Krokodil se beroerte en David Webster se sluipmoord en elke week was daar 'n kleefmyn ontploffing... Die bloedige klimaks voor die impotensie van die wit man.

MAGIEL: *(loer deur sleutelgat)* Ek kan boggerol sien nie.

MAGDEL: Ek moes oor alles skryf.

MAGIEL: Ons moet die polisie bel. *(soek sy selfoon)*

MAGDEL: Asof dit gaan help.

MAGIEL kry 'n kondoom in sy broeksak.

MAGDEL: Ons is ten minste teen iets bewapen.

MAGIEL: My foon lê by die werk. Waar's joune?

MAGDEL: In my handsak. In die voorportaal.

MAGIEL syg moedeloos neer.

MAGDEL: Ons sou in elk geval nie die polisie kon bel nie. Ons het dagga gerook.

MAGIEL: *(sarkasties)* Regtig?

MAGDEL: *(pouse vir dramatiese effek)* Dit is teen my parool-voorwaardes. My vorige lover – die groentemessie het geglip. *(sy lag)*

MAGIEL: Weird shit.

MAGDEL: Is *ek* weird?

MAGIEL: Ja.

MAGDEL: Ek rafel een keer ‘n dekade uit en nou is ek “weird”

MAGIEL: Ons moet by die venster uitklim.

MAGDEL: Daar is diefwering.

MAGIEL: Miskien oorreageer ons.

MAGDEL: Ek stem.

MAGIEL: Ek gaan kyk wat aangaan. *(na die deur)*

MAGDEL: Nee!

MAGIEL: Sluit net die deur agter my.

MAGDEL: *(terwyl sy opstaan)* Ons moet bymekaar bly. Ons is twee – hy is een. Ons het getalle aan ons kant.

MAGIEL: Hoe weet jy hy’s alleen?

MAGDEL: Hoor jy stemme?

MAGIEL: Stil diewe is nogal die norm.

MAGDEL: Hoe weet jy dis 'n “hy”?

MAGIEL wil uit.

MAGDEL: Kom eers hier.

MAGIEL: Ek gaan net seker maak…

MAGDEL: Kom hier.

MAGIEL na MAGDEL.

MAGDEL: Ek wil net weer aan jou jong vel vat. *(sy doen dit)* So sag.

MAGIEL: Laat ek net eers…

MAGDEL: *(teer)* Ek weet as jy nou by daardie deur uitloop is die aand verby. Ek wil nie hê jy moet gaan nie.

MAGIEL: En die inbreker?

MAGDEL: *(rustig)* As daar ‘n inbreker was het hy ons lankal gehoor en weggehardloop. Kom, steek weer aan daai zol. Live a little.

MAGIEL steek die zol aan.

MAGDEL: Ek is jammer as ek so bietjie desperaat voorkom. *(Pouse)* Ek is. Dis nie juis ‘n aantreklike eienskap nie, is dit.

MAGIEL: Pasop vir die kooltjie.

MAGDEL: Wie’s jou dealer?

MAGIEL: Huh?

MAGDEL: Waar kry jy die twakkies?

MAGIEL: Hoekom wil jy weet?

MAGDEL: As ek nou hierna verslaaf is moet ek weet waar om te gaan score.

MAGIEL lag.

MAGDEL: Sit jou hand op my been, as jy nie omgee nie.

MAGIEL doen dit.

MAGDEL: Voel dit oud en skurf?

MAGIEL skud sy kop.

MAGDEL: Hoe voel dit?

MAGIEL: Normaal.

MAGDEL: Ag, kom nou wees kreatief.

MAGIEL: Ek voel jou lewenslyne.

MAGDEL: Okay.

MAGIEL: Daar was ‘n paar speed bumps in jou pad…

MAGDEL: Hei!

MAGIEL: …maar jy't hulle lag-lag uitgestryk. En vorentoe is dit net smooth sailing vir jou.

MAGDEL: Wag tot jy my ander been lees!

Pouse

MAGIEL: Miskien ís dit net 'n rondloper kat.

MAGDEL: Huh?

MAGIEL: Die inbreker.

MAGDEL: O, jy's weer daar.

MAGIEL: Of veldmuisies.

MAGDEL: Of die wind.

MAGIEL: Of hasies.*(maak kougeluide van hasies)*

MAGDEL: Nou's jy simpel.

MAGIEL: Ons word aangeval deur die dieretuin.

MAGDEL: The attack of the killer rabbits.Truth is usually stranger than fiction.

MAGIEL: Jy is nogal goed met one-liners.

MAGDEL: Jy dink so?

MAGIEL: Ja, diep dinge in enkelsinne.

MAGDEL: Dis die sinisme - dis goed vir one-liners.

Geluid elders in die huis.

MAGDEL: Hasie wil inkom.

Hulle lag.

MAGIEL: Klim in die kas.

MAGDEL: Hoe nou?

MAGIEL: *(fluister)* In die kas.

MAGDEL: Versigtig net, dis antiek.

Hulle klim in die kas.

MAGDEL: En nou?

Stilte

MAGDEL: Hier's my rooi serp

MAGIEL: Sjjjjtt.

MAGDEL: Ek dag ek het dit verloor.

Stilte

MAGDEL: Ons kan nie…

MAGIEL: Sjjjjttttt!

Stilte

MAGIEL: Ons moet stadig uitklim.

MAGDEL: Hoekom stadig?

MAGIEL: Ek weet nie.

Hulle lag.

MAGIEL: Sjjjjtttt!

Hulle klim uit en beweeg deur toe,

MAGDEL: *(sy het die rooi serp aan, fluister)* Ek geniet nogal jou geselskap.

MAGIEL: *(fluister)* Nogal?

MAGDEL: *(fluister)* Touché.

MAGIEL: *(by sleutelgat)* Ek sien niks nie.

MAGDEL: Hasie is weg met 'n kopkool.

MAGDEL: Miskien moet ons die kas voor die deur skuif.

MAGIEL: As hy 'n byl het gaan dit nie…

MAGDEL: *(geskok)* Het hy 'n byl?

MAGIEL: Ek weet nie, ek sê *as* hy 'n byl het…

MAGDEL: Moenie sulke goed sê nie. Dit klink net te moontlik.

MAGIEL: *(na venster)* Miskien kan ek die diefwering uitskroef.

MAGDEL: Dit is in die muur ingemessel.

MAGIEL: Wie is jou “next of kin”?

MAGDEL: Wat?

MAGIEL: As net een van ons dit lewendig hier uit maak moet die ander een die familie laat weet.

MAGDEL: Nee, nou gaan jy te vêr.

MAGIEL: “Wees voorbereid”…

MAGDEL: Ons gaan nie sterf nie…

MAGIEL: …dit was my skool se leuse .

MAGDEL: …nie vanaand nie.

MAGIEL: Jou kinders of jou broers en…

MAGDEL: Ek het mos gesê ek het nie kinders nie.

MAGIEL: ‘n Broer of ‘n suster?

MAGDEL: My testament is by my prokureur, jy kan hom bel.

MAGIEL: Skryf sy naam op ‘n stukkie papier.

MAGDEL: Ag, asseblief.

MAGIEL: Magdel, ek probeer om sober en logies…

MAGDEL: Wat het jy gesê?

MAGIEL: Ons moet nou fokus.

MAGDEL: Nee, jy’t my op my naam genoem.

MAGIEL: Huh?

MAGDEL: Doen dit weer.

MAGIEL: Wat?

MAGDEL: Sê my naam.

MAGIEL: Magdel?

MAGDEL: Ja.

MAGIEL: Magdel, skryf jou prokureur…

MAGDEL: Jou stemtoon, nes my pa s'n met sy toesprakie elke Desember vakansie in Hermanus. "Magdel, onthou die see se eb en vloed kan 'n mens maklik onkant betrap."

MAGIEL: Ek weet nie of 'n trip down memory lane…

MAGDEL: Moenie die oomblik bederf nie. *(terugreis)* Hermanus se vakansiehuis. Daardie koue, natgedoude stoepteëls onder my kaalvoete vroeg op die eerste oggend. Die hele jaar lank het ek daarna uitgesien. Hier's 'n stukkie plaveisel in my agterplaas wat amper dieselfde onder my voete voel, spesifiek vroeg op 'n lente-oggend. As ek daarop uitstap dan is ek terug by die strandhuis. O, die seeluggie op die vel - Voëlklipstrand was 'n klipgooi weg. Al die ou mensies wat met sonsopkoms in die vlakwater plas, baaikeppe en al! En die reuk van fynbos, 'n baie kenmerkende reuk eie aan Hermanus.

MAGIEL besluit om die kas voor die deur te skuif.

MAGDEL: Na my ma se dood toe verkoop my broer die huis onder ons uit. 'n Tydskrif het my nou die dag gevra om 'n artikel oor die Hermanus van my jeug te skryf, maar ek het dit van die hand gewys. Ja, dit is nie meer dieselfde nie... Hoekom bly ek in die suburbs as ek so lief is vir die see? Ek kan vir my 'n woonstel in

Seepunt kry. Dis net jammer die Kaapse see is so koud. Ek sal belaglik lyk in ‘n wetsuit.

MAGIEL lag.

MAGDEL: Lag jy vir my?

MAGIEL skud sy kop

MAGDEL: Wat maak jy?

MAGIEL: Ek probeer die kas voor die deur skuif.

MAGDEL: *(afwesig)* Om die man met die byl te stop.

MAGIEL: Dit wil nie move nie.

MAGDEL: Stoot jy, dan trek ek.

Hulle doen dit.

MAGDEL: Het jy geluister na my sentimentele trippie?

MAGIEL: Nee, sorry.

MAGDEL: Seker omdat ons so naby aan ons einde is dat my lewe nou voor my oë verbyflits. *(skielik)* Stop!

MAGIEL: Huh?

MAGDEL: Die kas is met skroewe aan die muur vas.

MAGIEL: Skroewe?

MAGDEL: Ja, die vloer is skeef of iets so die kas het vorentoe gehel en die buurt se nutsman het gedink skroewe is die beste oplossing.

MAGIEL: En *nou* onthou jy.

MAGDEL: Moet net nie nou met my baklei nie. Jy verdien eers daai reg as ons getroud is. Buitendien, ons is nou op mekaar aangewese. Magiel en Magdel versus die krimineel.

MAGIEL: Ek is in Jean-Paul Sartre se hel.

MAGDEL: Waar val jy nou uit?

MAGIEL: “Hell is other people”?

MAGDEL: *(oor sy vakkeuse)* O, BA *met* Filosofie. *(besef)* Is *ek* jou hel?

MAGIEL: Dit is nie wat ek bedoel het nie.

MAGDEL: Wel ek is die enigste “other people” in die kamer?

MAGIEL: Moet dit nie so letterlik…

MAGDEL: Niemand verplig jou om te bly nie. *(wil die deur oopmaak)*

MAGIEL: *(hy keer haar)* Moenie.

MAGDEL: Die bure moet nou maar weet wat ek aangevang het. *(by venster)* Help! Help!

MAGIEL: Nee! *(druk haar mond toe)*

MAGDEL bedaar effe.

MAGDEL: Dit sal in elk geval niks help nie.

MAGIEL: Ek kon dit vir jou gesê het.

MAGDEL: Die bure is met vakansie.

MAGIEL: Ek voel al hoe meer of ek in ‘n B-grade horror is. *(kyk na deur)* As hy ons nou nog nie gehoor het nie is hy doof.

MAGDEL: Miskien is hy. Ja, hy kan doof wees.

MAGIEL: Is jy besig om dit te verloor?

MAGDEL: Gestremdes het dit nie maklik nie. As jy dink *jy* sukkel om werk te kry, hoe moeilik moet dit nie vir ‘n doofstomme wees nie.

MAGIEL: Nou’s hy stom ook.

MAGDEL: (*vinnig)* Is ek jou hel?

MAGIEL: Asseblief!

MAGDEL: Verveel ek jou? Is ek “boring”?

MAGIEL: Jy is baie dinge, maar boring is nie een daarvan…

MAGDEL: Ag, jy's nog te jonk om eerlik te wees.

MAGIEL: Hoe oud is jy nou eintlik?

MAGDEL: 'n Dame antwoord nie sulke vrae nie.

MAGIEL: O, jy's 'n dame.

MAGDEL: Ja, ek is.

MAGIEL: Nie baie verlig om na jouself te verwys as 'n "dame" nie.

MAGDEL: Wat is jy nou? 'n "Male feminist"?

MAGIEL: En nogal snaaks komende van iemand soos jy.

MAGDEL: Iemand soos ek?

MAGIEL: 'n Middeljarige joernalis wat 'n kelner optel vir 'n bietjie pata-pata.

MAGDEL: Dit was wreed.

MAGIEL: Sal Emsie Schoeman jou ook 'n "dame" noem?

MAGDEL: Emsie se gat! Ek krap my neus as hy jik en ek eet tjops met my hande…

Geluid elders in die huis. Stilte.

MAGIEL: *(fluister)* Het jy 'n geweer?

MAGDEL: *(fluister)* Dis in die kluis in die studeerkamer.

MAGIEL: *(na spieëltafel)* Help my om dit voor die deur te kry.

MAGDEL: *(gedemp-histeries)* Ons moet ons nie laat intimideer deur 'n krimineel nie!

MAGIEL: Help my.

MAGDEL: Dag in en dag uit sit ek hier in my voorstedelike 3-slaapkamerhuis met die swembad en die dubbel-garage en die

perfekte grasperk, vasgevang agter die boereworsgordyn. Hier waar die vroue almal by dieselfde haarsalonne ontmoet, waar almal rondry met stokmannetjie-stickers van die perfekte familie op hulle 4x4's, waar almal dieselfde klink en lyk en oor dieselfde goed praat... En een aand, net een aand kry ek dit reg om ‘n bietjie te waag, my onderrok te laat uithang, kry ek dit reg om te onthou dat ek nog voel – en toe daag daar ‘n inbreker op. Het jy enige idee hoe de hel in ek nou is? (*tel wynbottel op*)

MAGIEL: Los die wyn.

MAGDEL: As die bure weet wat ek vanaand aanvang sal hulle nooit weer met my praat nie. Nee, erger. Die vroue sal my aangluur met oë vol medelye en sulke berispende glimlaggies. Hulle sal hulle mans elke aand in die oprit gaan soen om hulle besitting te merk. ”Pasop vir haar, die los vrou van Frangipanilaan”. Die kinders sal “slet” op my kar spuitverf. Ek pleeg vanaand karaktermoord en dáái bliksem het geen respek daarvoor nie!

MAGIEL: Moenie meer drink nie.

MAGDEL: Dis om die man mee te donner!

MAGIEL: Huh?

MAGDEL: Jy staan agter die deur dan lok ons hom hierheen en as hy inkom dan slaan jy hom.

MAGIEL: So hy’t ‘n geweer of byl of ‘n panga en ons het ‘n bottel?

MAGDEL gooi die bottel neer en gaan soek 'n ander wapen.

MAGIEL: Maar hoe lok ons hom hierheen, hy’s dan doof?

MAGDEL: Moet ek nou aan al die oplossings dink?

MAGIEL: Nee wag, spuit ‘n bietjie parfuum in die lug. Hopelik kan hy nog ruik.

MAGDEL: Die arrogansie is wat 'n mens onderkry.

MAGIEL: Tot hier toe en nie verder nie.

MAGIEL: Wat maak jy?

MAGDEL: Ek soek ‘n wapen.

MAGIEL: Dink net rasioneel.

MAGDEL: Ek is *gatvol* van rasioneel wees! Dit bring my nêrens nie. Help my soek!

MAGDEL: *(skree in die rigting van die deur)* Jy beter hardloop, want ek is de bliksem in!

MAGIEL gee vir haar 'n hanger aan.

MAGDEL: Pyn, ek wil onuithoudbare pyn bewerkstellig. *(gooi die hanger neer)* Hom vermink.

MAGIEL: Ek moet rook.

MAGDEL gaan vir die bedlampie.

MAGIEL: Pasop, jy kan skok!

MAGDEL: Ek gaan die draad op sy geslagsd… *(sy skok en begin ruk.)*

MAGIEL: *(soekend)* ‘n Nie-geleier, ‘n nie-geleier *(en hy kry 'n leesboek langs haar bed en slaan haar daarmee. Sy syg neer)*

Stilte

MAGIEL: Magdel? *(stilte)* Nee, nee, nee, nee, nee… *(stilte)* Magdel? *(stilte)* O, fok.

MAGDEL: Jy’s nog nie van my ontslae nie.

MAGIEL: *(na bo)* Dankie, dankie, dankie,

MAGDEL: En skielik is jy gelowig.

MAGIEL: As jy nou lepel in die dak gesteek het, was ek verdagte nommer een.

MAGDEL: **“**Joernalis se skokdood: Katelknaap verdink.” Dit sal die buurt vir maande laat gons.

MAGIEL: Jy dink te veel aan wat die mense gaan sê.

MAGDEL: “Hell is other people”.

MAGIEL: Oor my Sarte-aanhaling. Ek het net bedoel dat ons situasie…

MAGDEL: Ek weet. Dit maak in elk geval nie meer saak nie. (pouse) Ek is jammer.

MAGIEL: Oor wat?

MAGDEL: My karma suig. Of het jy vergeet? *(wys na die deur en kry 'n steekpyn)*

MAGIEL: Wat moet ek doen?

MAGDEL: Moenie aan my vat nie – netnou is ek nog ge-charge. Jy’s dik gerook en ek is in my moer in ge-shock. Ons staan nie 'n kat se kans nie. Gee aan die wyn - ek wil nie nugter wees vir die eindtoneel nie.

MAGIEL: Hy gaan sukkel om die deur oop te kry.

MAGDEL: Hy gaan sukkel, ja. *(gee klere aan)* Trek aan voor jy koue vang. Was jy al voorheen die slagoffer van misdaad?

MAGIEL: Ja, ‘n ou het my by die ATM ge-scam.

MAGDEL: Dit is nogal ‘n gewilde een.

MAGIEL: Hierdie een het net die geld wat ek getrek het gegryp en gehardloop.

MAGDEL: En seker helder oordag?

MAGIEL knik.

MAGIEL: En my ma-hulle is in die middel van die nag beroof, terwyl hulle geslaap het.

MAGDEL: Het hulle nie wakker geword nie?

MAGIEL: Hulle spuit die een of ander gas wat 'n mens uit-zonk.

MAGDEL: Seker eintlik beter so.

MAGIEL: Hulle het net die volvloermatte en ingeboude kaste gelos. Selfs die beddegoed is van hulle af gesteel.

MAGDEL: Die arrogansie.

MAGIEL: En my vriend se ruit is by die robot uitgeslaan, vir sy selfoon. Die baksteen het sy gesig geskend. Daar's 'n moerse scar op sy voorkop. En nou die dag toe ek in Somerset Mall se toilette was vertel die een ou vir die ander een hoe hy sy tande moes laat opbou na drie daarvan ge-chip is deur die spanner waarmee sy ruit uitgeslaan is. Twee karre parkeer jou in so jy moet nooit te naby aan die motor voor jou stop nie, anders is jy 'n sitting duck. My tande is ook opgebou – olyfpit. As hulle my net vra vir my kar dan gee ek dit dadelik, ek sal nie 'n fight opsit nie, die versekering sal mos uitbetaal. Ek voel in elk geval fokkol vir my Uno.

Stilte

MAGDEL: Ons gaan sterf.

MAGIEL: Nee.

MAGDEL: Hy gaan my verkrag en ons albei dan met ‘n panga opkerf. Of met die byl.

MAGIEL: Ons gaan hier uitkom.

MAGDEL: Die statistiek is nie aan ons kant nie.

MAGIEL: Ons moet uit-figure waar in die huis hy is *(luister by die deur)* As ons weet waar hy is kan ons probeer om te hardloop. Maar sê nou hulle is twee? Dan moet ons miskien opsplit en elkeen...

MAGDEL: Ek het vir jou gelieg.

MAGIEL: Is daar 'n skuifdeur of 'n agterd-...

MAGDEL: Toe ek gesê het ek het nie kinders nie.

MAGIEL: Vergeet nou daarvan.

MAGDEL: Ek het dit nog vir niemand vertel nie.

MAGIEL: Maak alles bymekaar wat wapens kan wees. (*kry hanger in kas*) Waar is die naaste uitgang aan die slaapkamer?

MAGDEL: (*hard*) Ek wil nie doodgaan sonder dat iemand my storie ken nie en jy’s nou hier, so jy sal moet luister! (*pouse*) Dit was met my matriekvakansie op Hermanus. Ons het dié aand gaan dans by die Astoria Hotel en toe die dansplek twaalfuur toemaak is almal na Piet-se-Bos, 'n piekniekarea oorkant Grotto-strand. Daar het ons ‘n bonfire gemaak, Bob Dylan en Kris Kristofferson songs gesing, natuurlik ook gedrink - Coco Rico en Coke. My vakansieromanse was met ‘n ou genaamd Daniël Vorster. O, hy was ‘n mooi man, amper so mooi soos jy. En om ‘n lang storie kort te maak, ons het daai aand op die strand – my eerste keer – met “House of the Rising Sun” as agtergrondmusiek. Voor ek

die volgende jaar begin swot het, het ek geweet – die “see se eb en vloed het my onkant betrap”. Ek het vir niemand vertel nie en ek het so klein gedra, niemand het iets vermoed nie. Hy is in die September-vakansie gebore, terwyl my ouers gedink het ek kuier op ‘n vriendin se plaas.

MAGIEL: Is hy aangeneem?

MAGDEL: (KNIK INSTEMMEND) Hulle het hom dadelik weggevat, voor ek hom eers kon vashou. Toe ek later in die saal wakker word...daai gevoel van absolute verlatenheid, dit gaan nooit weg nie.

MAGIEL: Weet jy waar hy nou is?

MAGDEL: (*skud haar kop*) En ek was nog altyd te bang om te begin soek. As ek hom kry, wat dan? Hoe sal ek cope met...met sy woede. As ek hy was, sou ek baie kwaad gewees het. Wat sal ek vir hom sê?

MAGIEL: Wat jy nou vir my gesê het.

MAGDEL: Miskien weet hy nie eers hy is aangeneem nie.

MAGIEL: Of miskien soek hy al lank na jou.

MAGDEL: Ek sou hom André genoem het. As hy sy pa se looks geërf het en sy ma se…ek weet nie…my weerstand teen verkoues, dan behoort hy okay te wees.

Pouse

MAGIEL: Ek is aangeneem. By geboorte.

MAGDEL: Ek...glo dit nie.

MAGIEL: Ek was seker so ses toe my ouers my vertel het.

MAGDEL: Wat het hulle gesê? Hoe’t hulle dit verduidelik?

MAGIEL: Ek kan nie mooi onthou nie, maar ek het daarna nogal spesiaal gevoel. Ek het by die kleuterskool ge-brag ek het twee ma’s. Tot die onderwyseres my vertel het dit is nie iets wat 'n mens oral adverteer nie.

MAGDEL: Onderwysers moet eintlik almal grade in sielkunde hê.

MAGIEL: Ag, daar is geen permanente skade nie.

MAGDEL: Al ooit vir haar ontmoet, jou biologiese ma?

MAGIEL: *(skud sy kop*) Ons het haar gesoek, toe ek op hoërskool was. My ma het die hele ding gedryf - ek was op daai stadium meer into party hou en skelm rook. Ek weet darem ek is gebore in die Ladybrand Hospitaal en my biologiese ma was 'n...

MAGDEL: Ladybrand?

MAGIEL: Ja, ek’s 'n gebore Vrystater.

MAGDEL: Hoe oud is jy nou?

MAGIEL: Ek word 30.

MAGDEL reageer.

MAGIEL: Wat nou?

MAGDEL: Ek is jou ma.

MAGIEL: Wat?

MAGDEL: My baba is gebore in die Ladybrand Hospitaal. In September word hy dertig.

MAGIEL: (LAG) Nee, ek is in Augus...

MAGDEL: Ma en seun, in dieselfde bed.

MAGIEL: Nee, ons is nie...

MAGDEL: Dit is die ergste sonde, hiervoor gaan ons reguit hel toe. Do not pass “GO”. Reguit.

MAGIEL: Jy kan nie my ma wees...

MAGDEL: In die Middeleeue het hulle vroue soos ek op brandstapels laat boet. Of op die markplein gestenig!

MAGIEL: As jy net vir 'n oomblik sal...

MAGDEL: Ek kon net weer ‘n kat gaan haal het by die SPCA – of ‘n baie groot hond! Dit is wat die eensames in my ouderdomsgroep doen. Maar nee, ek moes my begeef in 'n one-night stand met 'n kind, heel moontlik my eie! Hoekom is dit vir my so moeilik om berusting te vind?

MAGIEL: Augustus, nie September nie!

MAGDEL: Huh?

MAGIEL: Ek is op die 18de Augustus gebore.

MAGDEL: Augustus? Maar ook in 1983?

MAGIEL: *(knik instemmend*) En my ma was 'n ongehude onderwyseres, oorspronklik van Bloemfontein.

MAGDEL: Ek was toe eerste jaar op KOVSIES.

MAGIEL: Ons is nie ma en seun nie.

MAGDEL: Maar wat beteken dit?

MAGIEL: Wat beteken wat?

MAGDEL: Die feit dat ons 'n gedeelde verlede het?

MAGIEL: Dis net toevallig.

MAGDEl: Daar is altyd 'n rede. O, my hart klop so vinnig.

MAGIEL: Haal net rustig asem.

MAGDEL: “JOERNALIS STERF AAN HARTAANVAL – SEUN VERDINK.”

MAGIEL: Ek is nie jou seun nie.

MAGDEL: *(deernisvol*) Maar baie amper. *(pouse*) Wel, fluit-fluit, daar’s my storie nou uiteindelik uit.*(pouse)* Dit voel nie juis asof daar 'n las van my skouers af is nie. Bevryding is 'n proses, nè?

MAGIEL: Ek dink jy sou 'n cool ma gewees het. Weird, ma’ cool.

MAGDEL: Jou lieflike, lieflike ding. As jy ‘n dekade of drie ouer was, was jy ‘n keeper. (*Soen hom moederlik – dan na kwilt*) Dit het my 3 jaar gevat om klaar te maak – ek is nie in die wieg gelê om te kwilt nie. *(gee dit vir hom)*

MAGIEL: Vir my?

MAGDEL: Ek dink jy’t dit verdien. *(begin die spieëltafel wegskuif)*

MAGIEL: Hoekom skuif jy dit nou?

MAGDEL: Anders kan ek nie die deur oopkry nie.

MAGIEL: Dit is juis voor die deur om die…

MAGDEL: Ek is moeg vir bang wees.

MAGIEL: Miskien het ons rede om bang te...

MAGIEL: Ek het die eerste tree gegee, nou moet ek bou op dié momentum.

MAGIEL: Kan ons net eers daaroor...

MAGDEL: Besluite, Magiel, dit is waaroor die lewe gaan. As jy nie besluite neem nie, dan staan jy stil. Ek weet.

MAGIEL: Is dit die regte besluit?

MAGDEL: Môre sit ek my huis in die mark, want ek gaan vir my ‘n woonstel in Seepunt koop. En ‘n wetsuit - ek het nog ‘n blerrie goeie lyf vir

‘n vrou van my ouderdom. Dan die artikel oor “Die Hermanus van my jeug” … Maar heel eerste gaan ek ‘n katjie (en 'n hond) by die SPCA haal. Hoe klink daai?

MAGIEL: Jou mind is opgemaak, nè?

MAGDEL: Kom, help skuif.

MAGIEL: En wat van jou seun, gaan jy begin soek?

MAGDEL: Ons kyk hoe vorder die artikel.

Hulle skuif die spieëltafel weg. Stilte soos sy luister.

MAGDEL: Wat as daar nie ‘n inbreker is nie…nooit een was nie?

MAGIEL: Ma’ die geluide…jy het dit ook gehoor...daar is iemand…

Stilte soos hulle luister. Dan ruk MAGDEL die deur oop.

MAGDEL: *(roep)* Hallo? *(lag)* 'n Mens moet nooit te veel praat tydens 'n one night stand nie. Jy mag dalk net uitvind julle is familie.

MAGIEL: Ons is nie.

MAGDEL: En dit was stil. Jy wil nou huistoe gaan, nê? *(stilte, dan gee sy, sy skoene vir hom aan)* Trek net die voordeur agter jou toe, dit sluit vanself.

MAGIEL hou sy skoen as wapen vas en gaan versigtig uit. MAGDEL wag vir die voordeur se klank. Dan staan hy weer in die kamerdeur.

MAGIEL: Ons kan nog ‘n bietjie gesels…as jy wil.

MAGDEL: Wat? Het ons vanaand ge-bond? Die hoogtepunt van my aand.

MAGIEL: En ons kan die boef daarvoor bedank.

MAGDEL: Katarsis deur misdaad.

MAGDEL klim in die bed.

MAGDEL: Wil jy met die lig aan gesels?

MAGIEL skakel die hooflig af en klim ook in die bed. Hy begin saggies te sing.

MAGIEL: Love in the time of crime…

Die kamerdeur klap skielik toe en hulle sit regop in die bed. Die maanlig wat deur die venster val doof uit.

Eindmusiek (Tomorrow)

DIE EINDE